AFRIKAANS GRAAD 7    DINSDAG 12 MEI 2020

Ons het aan die einde van die eerste kwartaal die fliek ***Suurlemoen*** in die klas gekyk. Die fliek is gebaseer op die jeugroman met dieselfde naam, geskryf deur Jaco Jacobs.

**Suurlemoen**

Eerste pouse staan die vier van ons in stilte voor meneer Marx se klas en wag. Bongi eet haar toebroodjies. Ek is druk besig om 'n stok wat ek opgetel het in duisende stukkies te breek. Zane neurie iets en tik-tik met sy voet op die vloer. Liezl staan met haar arms gevou en staar na die boom voor die musiekklas asof dit die interessantste ding op aarde is. Nie een van ons kyk vir mekaar nie.

"Vir wat wil hy ons sien?"brom Zane skielik. "Ons het gesplit, ons kan nie meer vanaand speel nie. Dis so eenvoudig soos dit. Ek's nie lus vir 'n preek nie."

Niemand sê 'n woord nie.

(Uit: *Suurlemoen*, Jaco Jacobs, LAPA Uitgewers, 2007)

Hierdie is 'n kort uittreksel uit die boek. (Dit verskyn ook op p. 78 in jou handboek.) Lees die uittreksel deur en pas dan elke term in die lys op p. 78 by die beskrywings oor *Suurlemoen.*

Werk in jou LETTERKUNDE BOEK. Skryf die beskrywings neer, en skryf dan die term wat op die beskrywing van toepassing is daarby.

---

<u>DINSDAG 12 MEI 2020 MEMORANDUM</u>

1. Tiaan is die hoofkarakter en vertel ook die verhaal. Jy leer hom veral ken deur sy kommentaar op mense en situasies. Newekarakters bring verskillende aspekte van die hoofkarakter na vore. **Karakters**
2. In *Suurlemoen* dra 'n ek-verteller (eerstepersoonsverteller) die verhaal oor. Hy is een van die karakters en betrek jou deurdat jy sy ervarings, indrukke en emosies eerstehands deel. 'n Derdepersoonsverteller staan buite die verhaal en kan vertel wat almal voel, dink en doen, wat 'n breër perspektief gee. **Verteller**
3. Die volgorde waarin die gebeure aangebied word, vorm die storielyn of intrige.
   **Intrige**
4. Konflik (botsing) en spanning is gewoonlik die oorsaak van ontwikkeling n die verhaal. In *Suurlemoen* veroorsaak 'n liefdesdriehoek spanning wat tot konflik lei.
   **Konflik**
5. 'n Verhaal speel op 'n sekere plek en teen 'n sekere agtergrond af, byvoorbeeld die skool in *Suurlemoen.* **Ruimte**
6. Elke verhaal speel in 'n sekere tyd af. *Suurlemoen* is byvoorbeeld 'n eietydse verhaal.
   **Tyd**
7. *Suurlemoen* se sentrale idee of tema is die krag van drome wat 'n mens tot enigiets kan aanspoor. **Tema**
8. Die titel kan dikwels meer as een betekenis hê. *Suurlemoen* verwys na die groep se naam, maar ook na die suur en liefde in die lewe. **Titel**

---